Bereta op Mamba se rug tydens verlede jaar se Heidelberg-skou

Mamba blink uit

deur **Henne Basson**

Van tradisionele skoue tot in dresseerkompetisies – die veelsydigheid van die Friesperd word al meer hier ter plaatse bewys. In die Wes-en Suid-Kaap, waar hierdie ras hoofsaaklik as 'n tuigperd bekend geword het, is dit veral 'n hings uit een van die bekendste stalle in die Overberg, wat onder die saal uitmunt.

"Nie net is dit weens sy alsydigheid dat hierdie perd só buitengewoon presteer nie, maar bowenal vanweë die besondere temperament wat kenmerkend van die Fries is," sê Bereta Kloppers van Bredasdorp, wat verlede jaar met die vyf-jaar-oue Mamba op van die voorste skoue in die Boland en Suid-Kaap uitgemunt het.

Met sy glansende, gitswart voorkoms, staan hierdie perd uit bo perde van verskillende rasse en tipes wanneer hy die skoubaan betree. Boonop word sy naam menigmaal eerste uitgeroep wanneer die beoordelaars 'n beslissing moet vel.

Dis veral as driegang-plesierperd dat hy die stof in die oë van ander perde skop. Op Riversdal het hy verlede jaar al die ryklasse gewen en op Worcester was hy bobaas in die kampioenskap vir "SA riding horses". Nie minder nie as 18 perde van 'n verskeidenheid rasse het deelgeneem aan die driegang-item wat op Britse reëls gebaseer is, maar wat vir plaaslike toestande aangepas is. Op Heidelberg se skou in die Kaap, was Mamba weer uitstaande as die wenner in die ope plesierperdklas, waaraan 20 perde deelgeneem het.

Bereta het in 'n perde-omgewing grootgeword – haar pa, Hennie, is vir jare lank reeds 'n bekende afrigter en vertoner op skoue, terwyl haar ma, Marietjie, self "'n oog en 'n hand vir 'n perd het". Hennie het jare lank die Friesperde afgerig van onder meer wyle Uys Blom wat die hings Vincent ingevoer het. Mamba stam uit hierdie bekende perd en is deur die Klopperse geteel uit die hings Lewies (wat van Uys bekom is) en Ronel.

Volgens Bereta het Mamba sy rustige geaardheid by sy pa geërf. Hoewel hy net oor die 15 hand hoog is, beskik hy oor 'n hoë toplyn wat hom hoër laat lyk as wat hy werklik is. Wat hom des te meer uitsonderlik maak, is dat dit nie eens nodig is om hom uitermate te oefen nie, sê hierdie 24-jarige perde-fanatikus. Bereta rig ook kinders van ouderdomme 4-12 jaar af. **SAH**